BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER

PAASTYD 2017

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES

Lees die teksgedeelte ’n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

⬇

MEDITEER

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe “lees”. Die Bybel (God!) raak die “subjek” van die aktiwiteit en ons lewe die “objek”.

⬇

BID

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit ’n spontane reaksie om daaroor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloof.

⬇

ONTVANG & LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen.* “Ontvang” dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: *“Laat dit met my wees volgens u Woord”.* Bid is hier ontvang en dankie sê.

JULLE IS...

Ons gemeente het die jaar drie prioriteite geïdentifiseer naamlik, **Gegrondves, Geloofsonderskeiding en Gasvryheid**. Tydens die eerste deel van die jaar fokus ons op die eerste prioriteit, naamlik Gegrondves. Om geanker te wees in die geloof wat aan ons oorgelewer is en soos ons visie sê, om te leef uit "God, ons Bron". Hierdie gemeente moet die plek wees waar jy telkens weer nuut ontdek wie God is, aan wie jy behoort en wat dit van ons as sy kinders en sy kerk maak. Tydens die Sewe Weke het ons doelbewus gedraai na Wie God is met die *"Ek is"* uitsprake. In die volgende 5 weke gaan ons saam soek en luister na ons diepste identiteit as God se kinders en sy kerk. *"Julle is..."*

23 April	-	*Julle is 'n koninklike priesterdom*	-	1 Petr 2:4-9
30 April	-	*Julle is ons aanbevelingsbrief*	-	2 Kor 3:1-18
7 Mei	-	*Julle is die huisgesin van God*	-	Ef 2:11-22
14 Mei	-	*Julle is die tempel van God*	-	1 Kor 3:9b-23
21 Mei	-	*Julle is die sout en die lig*	-	Matt 5:3-6

EIE BYBELLEES

Week	***Seisoen***	***Teks***	***Erediens***
17 - 23 April	*Paastyd*	1 Perus 2:4-9	23 April
24 - 30 April	*Paastyd*	2 Kor 3:1-18	30 April
1 - 7 Mei	*Paastyd*	Ef 2:11-22	7 Mei
8 - 14 Mei	*Paastyd*	1 Kor 3:9b-23	14 Mei
15 - 21 Mei	*Paastyd*	Matt 5:3-6	21 Mei